# Hoofstuk 3


## Die transnasionale lewensloop van Wolfgang Wehrmeyer ’n Duitse immigrant na Suid-Afrika

Die lewensbeskrywing van ’n Duitse immigrant vanuit ’n transnasionale perspektief binne die konteks van familiegeskiedenis.

## Inleiding

Op 6 Januarie 1955, om 03:00 die oggend het die Stirling Castle aan die Kaapse kaai, aan die suidpunt van die vasteland van Afrika, vasgemeer en om agt die oggend het Wolfgang Hermann Wehrmeyer aan wal gegaan om ’n nuwe lewe in ’n nuwe vaderland, Suid-Afrika te begin.[1]

Wolfgang verteenwoordig ’n groep van ongeveer 21 000 Duitse immigrante wat ná die Tweede Wêreldoorlog in 1945 tot 1960 na Suid-Afrika geïmmigreer het en ter lande ’n nuwe *heimat* gevind het.[2]




**Figuur 2: Wolfgang reis met die Stirling Castle vanaf Southampton in Engeland na Kaapstad[3]**

---

1 WPA, H.W. Wehrmeyer, Biografie van Wolfgang Hermann Wehrmeyer die fokus op sy kinderjare in Duitsland, (1933-1954), (Hons-skripsie, Vaaldriehoekkampus van die Noordwes-Universiteit, Vanderbijlpark, 2011), p. 26; WPA, Die Wehrmeyer geskiedenis, ’n nuwe vaderland, Dokument: Unie van Suid-Afrika, Registrasiesertifikaat No. 128511, Datum van binnekoms in die Unie, 1955.01.06, Paarl, 1955.11.06, p. 11.

2 S. Peberdy, *Selecting immigrants: National identity and South Africa’s immigration policies, 1910-2008,* (Wits University Press, Johannesburg, 2009), pp. 268-273; WPA, H.W. Wehrmeyer, Statistiese analises werkboek, p. 32.

In ’n gevallestudie van Duitse emigrasie na die Verenigde State van Amerika verwys Laney[4] na drie Duitse generasies ten opsigte van die Tweede Wêreldoorlog. Hierdie drie generasiebegrip word algemeen gebruik in Duitse 20ste eeuse historiografie. Die eerste generasie is diegene wat die *Dritte Reich* as volwassenes ervaar het, die tweede generasie het die oorlog as kinders ervaar en die derde generasie is die kinders van die tweede generasie. In die stroom van Duitse emigrasie na Suid-Afrika is die tendens duidelik waarneembaar in die geval van Wolfgang Wehrmeyer. Hy het die Tweede Wêreldoorlog, as kind ervaar en val dus in die tweede generasie. Sy vader Hermann, val in die eerste generasie en Wolfgang se kinders (gebore in die 1960’s en 1970’s) is die derde generasie.[5]

Hierdie konvensie stem ooreen met die klassifikasie van immigrante na die Verenigde State. Vir hierdie projek word die eerste, tweede en derde generasie na Suid-Afrika in dieselfde terme gebruik as wat die generasies geklassifiseer word in Duitsland in verhouding tot die era van die Derde Duitse Ryk. Die meeste van die respondente in Pretoria, Johannesburg en elders in Suid-Afrika is lede van die tweede generasie, terwyl die navorser self aan die derde generasie behoort. Die aanname is dat elke generasie ’n eie begrip van die Nazi-verlede het, maar dat dit nie homogeen is nie.[6]

Histories is die Wehrmeyer familie aan emigrasie blootgestel. Reeds in 1850 het die eerste Wehrmeyers na Amerika[7] vertrek waar hul nasate in die 1990’s in Metropolis, Illinois, geleef het.[8] ’n Volgende generasie Wehrmeyers het ook na die VSA geïmmigreer- Marie Wehrmeyer in 1909[9] en haar jonger broer Wilhelm Wehrmeyer in 1926.[10] Marie het Duitsland eenmaal besoek, naamlik tydens die Olimpiese spele wat in 1936 in Berlyn plaasgevind het, asook Schale en so is haar familiebande in Duitsland hernu.[11]

---

3 WPA, H.W. Wehrmeyer, Poskaart in fotoversameling.

4 M. Laney, Transnational migration and national memory: How German rocket engineers became Americans in Huntsville, Alabama, (Ph.D., ProQuest LLC, Ann Arbor, 2010), pp. 14-15.

5 M. Laney, Transnational migration and national memory: How German rocket engineers became Americans in Huntsville, Alabama, pp. 14-15.

6 M. Laney, Transnational migration and national memory: How German rocket engineers became Americans in Huntsville, Alabama, pp. 14-15.

7 H. Frommeyer, *Die Stadt Fürstenau und ihre Bürgerschaft*, (Druck: Karl Weizel, Fürstenau, 1989), p. 41-42.

8 WPA, H.W. Wehrmeyer, Die Wehrmeyers Deel I, (Pretoria, 2000), p. 71. Dokument: A. Wehrmeyer, [117 West Sixth Street – P.O. Box 328 Metropolis, Illinois 629060], It seems you have found descendants of Johann Friederich Gerhard Wehrmeyer who was born on 28 April 1821 in Germany, private letter to H.W. Wehrmeyer, [20 Van Heerden Street, Capital Park, Pretoria, 0084], ca. 1996.

9 C. Tepe, *Schale ein Dorf, stellt sich vor*, (Ibbenbürener Vereinsdruckerei GmbH, Ibbenbüren, 1991), p. 273.

10 WPA, Biografie Wolfgang Wehrmeyer, (1933-2008), werkboek, Dokument: Greetings on your Birthday, 1968.03.01, p. 26.

11 WPA, MO (3B), L. Spiegeler, gebore Wehrmeyer, (86), Settrup, Schale, 1995.06.01, (NF60a; CD: R-7); WPA, Biografie Wolfgang Wehrmeyer, (1933-2008), werkboek, p. 5.

Die wyse waarop Wolfgang transnasionalisme ervaar het en 'n eie transnasionaliteit ontwikkel het, is vrae wat in hierdie hoofstuk ondersoek word. Wanneer 'n aspek van transnasionalisme bespreek word, word die kronologie van werklike gebeure nie altyd in ag geneem nie. Aspekte van transnasionalisme word sistematies bespreek, maar soos die lewensverhaal van Wolfgang ontvou, mag dit gebeur dat daar weer terugverwys word.

## Wolfgang se transnasionaliteit

Elli Hoyer het geboorte geskenk aan Wolfgang toe sy 19 jaar oud was en een jaar en nege maande later is sy met Hermann Wehrmeyer getroud. Hy het Wolfgang as sy eie seun aangeneem[12] en was baie lief vir albei sy seuns. Hermann het sy eie moeder op die ouderdom van 6 jaar verloor. Hy het feitlik as weeskind en kneg op die plaas van die boer, Holt naby Schale, grootgeword.[13] Wilfried, Wolfgang se jonger broer, beskryf, Hermann, as 'n wonderlik vader.[14]

Hermann was 'n beroepsoldaat in die *Reichswehr* gedurende die tydperk 1924-1936, waar hy in die 9de Infanterie Regiment te Potsdam diens gedoen het. Vanaf 1937-1945 was Hermann in die *Kriegsmarine* (Vloot) en toegedeel tot die *Reichskanzlei*.[15] Hy het sy seuns stiptelikheid, presiesheid en akkuraatheid geleer. Op die ouderdom van vier jaar kon Wilfried-Helmut al hekel en brei. Sy vader het hom geleer. Sy vader het hom ook geleer om sy bed op te maak volgens die militêre manier en soggens het sy vader inspeksies kom doen om te kyk dat die bed plat- en reggetrek is. Wilfried-Helmut is sy vader ewig dankbaar omdat hierdie lewensbeginsels hom suksesvol gemaak het.[16]

Vir Elli was Wolfgang die ongewensde en ongeliefde kind. Hy het sommer net 'n paar klappe links en regs gekry en is in die kelder toegesluit.[17] Dis hier waar Wolfgang die boek van Hagenbeck,[18] die groot wildvanger, gelees het. Die boek beskryf hoe Carl Hagenbeck, wilde diere in Afrika gevang het en na sy dieretuin in Hamburg gebring het. Terwyl Wolfgang die boek gelees het en na die prente gekyk het, het hy gewens

12 WPA, Lêer: Belangrike dokumente: Wolfgang Wehrmeyer (1933-2008), Dokument: Geburtskunde, Potsdam, 1951.03.28, p. 3.

13 WPA, H.W. Wehrmeyer, Die Wehrmeyers Deel II, (Pretoria, 2004), p. 9.

14 WPA, MO (4B), W.H. Wehrmeyer, (76), Plochingen, Stuttgart, 2012.05.20, (NF82, CD: U-6).


15 Duitse bewaarplek - Berlyn: Deutsche Dienstelle für die Benachrichtigung der nächsten Angehörigen von Gefallenen der ehemalige deutschen Wehrmacht, Dokument: Oberbefehlshaber der Kriegsmarine, M Akten Personalien des Hermann Wehrmeyer vom September 1936 bis. W 727; WPA, MO (3B) L. Spiegeler, gebore Wehrmeyer, (86), Settrup, Schale, 1995.06.01, (NF60; CD:R-7).

16 WPA, MO (4B), W.H. Wehrmeyer, (76), Plochingen, Stuttgart, 2012.05.20, (NF82, CD: U-6).

17 WPA, MO (4B), W.H. Wehrmeyer, (76), Plochingen, Stuttgart, 2012.05.20, (NF82, CD: U-6).

18 C. Hagenbeck, *Von Tieren und Menschen*, (Vita Deutsches Verlaghaus, Berlin, 1909).

om eendag na Afrika te gaan. Later naby Lobatsi in Botswana kon Wolfgang eindelik Afrika ervaar soos hy so gedroom het.[19]




**Figuur 3: 'n Prentjie van diere uit Hagenbeck se boek, *Von Tieren und Menschen*[20]**

Wolfgang se grootouers aan moederskant het in Chemnitz en later in Obergruna naby Freiberg in Sakse gewoon. By hulle het hy voor en tydens die oorlog baie tyd gespandeer. Elli se jonger sussie, Hildegard Hoyer, was baie lief vir Wolfgang.[21]

Hier het Wolfgang reeds vroeg in sy lewe ander kulturele omstandighede ervaar as in Berlyn, distrik Brandenburg. Duitsland is eers in 1871 verenig as 'n verenigde Duitse Koninkryk en dit grotendeels as gevolg van die diplomasie van Otto Von Bismarck.[22] Die Wehrmeyers was onder Pruisiese heerskappy vanaf 1707.[23] Sakse, waar Elli Ida Hoyer, die moeder van Wolfgang vandaan gekom het, was een van die groter voormalige onafhanklike Duitse lande met 'n sterk eie identiteit en *Sächsisch* as dialek. Volgens foto's van die kinders van die *Volksschule* in Obergruna was dit

[19] WPA, MO (1B), W.H. Wehrmeyer, (75), Visserskuil, Bothaville, 2008.05.08, (NF01, CD: W-23); WPA, Biografie Wolfgang Wehrmeyer, (1933-2008), werkboek, p. 72.

[20] C. Hagenbeck, *Von Tieren und Menschen*, p.77.

[21] WPA, MO (2B), M. Kreisch, (73), Obergruna bei Freiberg, 2012.06.01, (NF32, CD: U-1,2,3).

[22] M. Fullbrook, *A concise history of Germany*, (Cambridge, University Press, Cambridge, 2004), p. 128.

[23] WPA, H. Henke, Vorläufiges Konzept für mein Buch über die Familie Wehrmeyer, (Ongepubliseerde memories, Bad Bentheim, 2006), p. 12.

die gebruik tot laat in die 1950's, vir seuns om dikwels *Lederhose* te dra, dit die Duitse leerbroek.[24] Dit blyk dat Wolfgang met die *Lederhose* grootgeword het en baie lief daarvoor was.



**Figuur 4: Wolfgang in sy Lederhose, tydens sy reis van Touwsrivier na die Paarl en terug**[25]

Ná die oorlog is Wolfgang terug na sy ouers in Berlyn waar hy sy laaste skooljaar voltooi het op die ouderdom van 14 en soos die Duitse tradisie is, begin het met 'n vakleerlingskap. Wolfgang wou bakker word en moes soggens 04:00 begin werk en middae, vir ekstra geld, broodjies op straat verkoop.[26] Dit het hy vir ongeveer drie maande gedoen en toe besluit om liewer die ambag as *Werkzeugmacher* (gereedskapmaker) by die firma: *Wilhelm Sasse, Werkzug-Maschinen Fabrik* te volg.[27] Hierdie opleiding het die vaardighede van die beroep-, "passer en draaier" ingesluit.[28] Tydens die Russiese blokkade van Berlyn het die fabrieke soms net vir twee tot drie ure lank elektrisiteit gehad en die Geallieerde Magte het deur middel van die Berlynse lugbrug die stad versorg.[29] Werk was skaars, maar Wolfgang het

---

24 WPA, Foto album: Militär-Wünsdorf, foto: Joachim Noack 2. Schul Jahr en foto: van Wolfgang Straube, 4. Schul Jahr, pp. 63,65.

25 Foto: W.H. Wehrmeyer-fotoversameling.

26 WPA, MO (1B), W. H. Wehrmeyer, (54), Kroonstad, 1987.02.01, (NF01, CD: R-5); Biografie van Wolfgang Wehrmeyer, (1933-2008), werkboek, p. 27.

27 WPA, Lêer: Die Wehrmeyer geskiedenis, 'n nuwe vaderland, p. 3.

28 WPA, MO (1B), W. H. Wehrmeyer, (54), Kroonstad, 1987.02.01, (NF01, CD: R-5).

29 WPA, MO (1B), W. H. Wehrmeyer, (54), Kroonstad, 1987.02.01, (NF01, CD: R-5).

werk gevind by ŉ steenkoolmyn te *Wanne-Eickel* naby Keulen en daar het hy in September 1952 begin werk as *Bergmann* – myner.[30]

Tydens die *Oktoberfest* van 1954 te Keulen, het Wolfgang en sy vriend Hans die kantore van die Suid-Afrikaanse Ambassade raakgeloop, waar hulle kontak gemaak het met die Ambassadeur, dr. Van Heerden en op 6 Desember 1954 het hy, as kwekelingstoker ŉ kontrak met die Suid-Afrikaanse Spoorweë gesluit.[31] Ná ŉ reis per trein uit Duitsland na Hoek van Holland in Nederland, het hy met die veerboot na Londen gegaan. Op 23 Desember 1954 het hy aan boord van die Stirling Castle te Southampton gegaan, op pad na Suid-Afrika.[32]

Wolfgang was gewoon trots en bly oor sy herkoms as Duitser in ŉ land waar baie van die Afrikanervolk, so baie voorvaders gehad het wat uit Duitsland gekom het.[33] Die Duitse bevolking was simpatiek teenoor Afrikaners tydens die Anglo-Boereoorlog[34] en ŉ groot deel van die Afrikanerbevolking was weer simpatiek teenoor Duitsland tydens en ná die Tweede Wêreldoorlog. Hiervan is die hulp-organisasie, die *Deutsch-afrikanische Hilfausschuß* (DAHA) ŉ voorbeeld. Die DAHA het kos en klere versamel in Suid-Afrika en na Duitsland versend as humanitêre hulp.[35] Daar was ŉ sterk toegeneentheid tussen die twee volke. Die Duitse immigrante ná die Tweede Wêreldoorlog was hartlik welkom in Suid-Afrika.[36]

In 1984 het Wolfgang en sy vrou, Marieta, die eerste en enigste keer na Duitsland gereis vir ŉ besoek aan sy ou vaderland. Hulle het op Luxemburg geland, waar sy broer Wilfried hom kom haal het en na sy huis te Plochingen naby Stuttgart geneem het. Hulle is deur die Duitse Demokratiese Republiek (DDR) na Berlyn en toe in ŉ rigting westelike rigting na Schale naby Rheine aan die Nederlandse grens. Hy het teruggereis op die spoor van sy verlede en in Schale het die hele Wehrmeyer familie, aangetroudes en nakomelinge, bymekaar gekom vir ŉ groot familie-byeenkoms.[37] Ná twee weke het Wolfgang egter begin terugverlang na Suid-Afrika.

---

[30] WPA, Lêer, Belangrike dokumente: Wolfgang Wehrmeyer, (1933-2008), Dokument: Ärztliche Bescheinigung, Essen-Heisingen, 1952.09.10, p. 11; WPA, Lêer: Die Wehrmeyer geskiedenis, ŉ nuwe vaderland; Foto: Wolfgang as myner, Wanne Eickel, ca. 1952, p. 26.

[31] WPA, Lêer, Belangrike dokumente: Wolfgang Wehrmeyer, (1933-2008), Dokument: Suid-Afrikaanse Spoorweë: Memorandum van Ooreenkoms, Keulen, 1954.12.06, p. 13.

[32] WPA,Lêer, Belangrike dokumente: Wolfgang Wehrmeyer, (1933-2008), Dokument: The Union-Castle Mail Steamship Company, Limited, Tourist class passenger's ticket, Date of issue; 1954.12.04, p. 51.

[33] W. Schmidt-Pretoria*, Der Kulturanteil des Deutschtum am Aufbau des Burenvolkes* (Hahnsche, Verlagsbuchhandlung, Hannover, 1938); W. Schmidt-Pretoria, *Wanderung nach Südafrika im 19. Jahrhundert*, (Dietrich Reimer Verlag, Berlin, 1955).

[34] H. Kypke, *Ernstes und heiteres Burenland und Kriege in Südafrika*, (Verlag von Ulrich Meyer, Berlin, 1902).

[35] H. Stäcker, H. Behrens & E.E. Penzhorn, (eds.), *100 Jahre Deutsche Evangelisch-Lutherisch Kirchengemeinde, Kroondal, Südafrika, 1896 bis 1996,* (Stups Printings CC, Kroondal-Rustenburg, 1996), p. 15.

[36] WPA, MO (1B), I. Peeters, gebore Pfannkuch, (66), Silverton, Pretoria, 2012.09.05, (NF25, CD: V-17).

[37] WPA, MO (4B), M.M. Wehrmeyer, (75), Visserskuil, Bothaville, 2015.01.21, (NF88, CD: Z-10).

Hy het ŉ transnasionale identiteit bekom en so transnasionaliteit ervaar. Hy was nou ŉ Suid-Afrikaanse burger wat in Duitsland gebore is. Duitsland was vir hom vreemd en die nat klimaat, die gejaagdheid, die hoë bevolkingsdigtheid en formele lewenswyse het vir hom te veel geword. Hy het die ruimtes van Suid-Afrika verkies. In Suid-Afrika kon hy in sy bakkie klim, diesel ingooi en vryelik reis. Hy het die Vrystaatse boeregemeenskap geniet en kon openhartig enige persoon op straat groet en selfs miskien ŉ gesprek aanknoop.[38]

Hy het ŉ tweede sosialiseringsproses ervaar en het ŉ Afrikaner geword. Hy het erken dat hy tydens sy besoek in Duitsland gesukkel het om hul Duits te verstaan. Die Duitse taal is lewendig soos enige ander taal, ontwikkel heeltyd en nuwe woorde word voordurend toegevoeg.[39]

Tog het hy sy Duitse eienskappe van hardwerkendheid, netheid en stiptelikheid behou.[40] Hy kon sy opinie oor ŉ saak direk en eerlik lewer.[41] Ordelikheid was vir hom ŉ lewenswyse. Hiervan kan sy pakkie dokumentasie met sy afsterwe getuig. Alles was bymekaar en georden, soos iemand wat sy tas gepak het vir ŉ ver reis. Alles kon net so aan die eksekuteur oorhandig word en sy testament is in ses maande afgehandel.[42] Wolfgang was lief vir staal- en houtwerk en het baie handgereedskap besit. Sy werkplek was altyd skoon en die gereedskap georden. Voor sy dood het hy al sy gereedskap aan sy seuns uitgedeel en net die nodigste vir homself oorgehou.[43]




**Figuur 5: Wolfgang Wehrmeyer en Eberhardt Ries, Agter- Paarl 1957**[44]

38 WPA, MO (4B), F. Randall, (67), Bothaville, 2015.01.10, (NF92: CD- Z11).

39 WPA, MO (4B), H.W. Wehrmeyer (54), Capital Park, Pretoria, 2015.02.02 (N95, slegs notas).

40 J. Schmortte, 'Attitudes towards German Immigration in South Australia in the post-Second World War period 1947-1960, *Australian Journal of Politics and History* 51(4), 2005, p.532.

41 WPA, MO (4B), F. Randall, (67), Bothaville, 2015.01.10, (NF92: CD: Z-11).

42 WPA, Lêer: Eksekuteurs dokumentasie Wolfgang Hermann Wehrmeyer, 2008.

43 WPA, MO (4B), M.M. Wehrmeyer, (75), Visserskuil, Bothaville, 2015.02.08, (NF88, slegs nota).

44 Foto: W.H. Wehrmeyer-fotoversameling.

Hy was altyd netjies aangetrek en ŉ waardige heer, sodat selfs persone in sy eie ouderdomsgroep hom as “oom” aangespreek het. Dit is vandag nog ŉ gebruik in sekere dele van die Noord-Vrystaat om ŉ ouer persoon as “oom” aan te spreek, in plaas van “Meneer”.[45]

Op ŉ foto saam met sy beste vriend van daardie tyd, Eberhardt Ries en dié se pa se ingevoerde Mercedes Benz, in die Agter-Paarl staan Wolfgang met sy bruin *Lederhose*.

Marieta vertel toe Wolfgang gedurende 1960-1963 in Malmesbury by die Westelike Koöperasie gewerk het, het hy elke dag met sy *Lederhose* werk toe gegaan. Party mense het hom gespot maar hy het hom nie daaraan gesteur nie.[46]

## Wolfgang en transnasionalisme

Wolfgang het die eerste keer Suid-Afrika “geproe” toe hy op sy reis na Suid-Afrika in Londen aangekom het. In Duitsland is daar vir elkeen van die groep van 30 Duitsers £5 sakgeld gegee. By ŉ straatstalletjie het hy ingevoerde Suid-Afrikaanse druiwe gesien en ŉ trossie druiwe gekoop. Dit was vir hom heerlik.[47]

Sy eerste ervaring van Kaapstad was ŉ skok. Hulle het op ŉ Sondag aan wal gegaan. Kaapstad was doodstil en Wolfgang het die hele oggend miskien 12 motors in die strate gesien. Hy het in die woelige wêreldstad Berlyn groot geword. Hy kon net ongelowig lag toe hy die outydse radio’s in die winkelvensters sien. Dit was 1955 en in Duitsland het hy al ŉ televisie geken, wat eers 20 jaar later na Suid-Afrika sou kom. Hy het in ŉ grappige luim vir sy vriend langs hom gesê, “nou het ons regtig by die gatkant van die wêreld uitgekom”. [48]

Die groep Duitsers moes dieselfde dag nog ŉ oriënteringslesing bywoon, oor die kultuur, en wat mag en nie gedoen mag word nie. Dit was Apartheidsera en kleinapartheid is streng toegepas. Hulle is aangetree, in ŉ trein gebondel en noordwaarts gestuur, op die reis deur die pragtige Boland met sy wingerde en toe oor die vlaktes van die Karoo. Vir drie dae het die klomp Duitsers ongelowig deur die treinvensters na buite gekyk na bossies, klippe, vlaktes, berge en nog meer daarvan. Hulle het gewonder waarin hulle hulself begewe het. Gelukkig ná Bloemfontein het die veld meer begin lewe en uiteindelik het hulle in Kroonstad aangekom. By die

45 WPA, MO (4B), H.W. Wehrmeyer, (54), Capital Park, Pretoria, 2015.02.02 (N95, slegs notas).

46 WPA, MO (4B), M.M. Wehrmeyer, (75), Visserskuil, Bothaville, 2015.02.02, (NF88, CD: Z-10).

47 WPA, MO (1B), W.H. Wehrmeyer, (68), Kromdraai-Noord, Bothaville, 2001.06.06, (NF01, CD: W-21); WPA, H.W. Wehrmeyer, Die Wehrmeyer Geskiedenis, ŉ nuwe vaderland, p.5.

48 WPA, MO (1B), W.H. Wehrmeyer, (68), Kromdraai-Noord, Bothaville, 2001.06.06, (NF01, CD: W-21); WPA, H.W. Wehrmeyer, Die Wehrmeyer Geskiedenis, ŉ nuwe vaderland, p.10.

Spoorwegkollege sou hulle Afrikaans leer praat en basiese opleiding ontvang om as kwekelingstokers op die stoomlokomotiewe te werk.[49]

Wolfgang sê hy het vinniger as die ander Duitsers geleer Afrikaans praat.[50] Miskien is dit omdat hy gewoond was om, benewens Hoogduits, ook *Sächsisch* te praat wat hy op Obergruna by sy oupa-hulle gepraat het. In die onderhoude met Wolfgang se ou bure, Mariane Kiersch (gebore, Westling),[51] skoolkameraad, Rainer Miersch[52] en kennis, Manfred Mehner[53] op Obergruna het die *Sächsisch* se taalgebruik na vore gekom. Die Hoogduits se "a" word ŉ "ô". "*Markt*" word "*Môrk*", "Hotel Karsch" word "Hotel Kôrsch", die "t" word "d", "*tot*" (te sterf) word "*dode*", "*Tochter*" word "*dogter*" en "*Milch*" – "*melk*".[54]

Sy eerste ontmoeting met Afrikaners in Kroonstad was minder aangenaam. Van die Boereseuns het aangebied om vir hom ŉ maaltyd van kerrie en rys by die plaaslike kafee te koop. Hulle het agter-af gevra dat die kok baie branderige kerrie en rissies in die vleis gooi. Wolfgang se mond het verskriklik gebrand en die kos was oneetbaar. Die boere het gedink dis baie snaaks. Verder het hulle, wanneer hy Afrikaans wou leer, hom woorde laat sê wat vloekwoorde was, sonder dat hy bewus was van die werklike betekenis van dié woorde. Dit was nog die dae van waardige Afrikaans. Kras- en vloekwoorde is in betaamlike gesprekke nie gebruik nie. Sommige spoorwegwerkers was in ŉ ander klas met ŉ eie woordgebruik.[55]

Marieta vertel Wolfgang kon onverskrokke praat en het nie omgegee wat mense dink nie. Hy het Duits, Afrikaans en Engels deurmekaar gepraat. Teen die 1970's het sy Afrikaans baie verbeter, maar hy het maar altyd ŉ ligte Duitse aksent behou tot aan die einde van sy lewe.[56]

Na sy opleiding op Kroonstad kon hulle drie plekke kies om heen te gaan. Wolfgang het Kaapstad, Paarl en Worcester gekies, maar daar was nie by een van hierdie plekke ŉ vakante posisie beskikbaar nie. Toe het hy gesê: "Ok, sê julle nou maar waarheen ek moet gaan." Die spoorweë het hom toe na Mafikeng gestuur en daar sou hy stook op die stoomlokomotiewe tussen Mafikeng en Bulawayo.[57] Die Mafikengse gemeenskap het moeite gedoen om die jong Duitse mans te betrek. Die

49 WPA, MO (1B), W.H. Wehrmeyer, (70), Kromdraai-Noord, Bothaville, 2000.01.02, (NF01, CD: R-1).

50 WPA, MO (1B), W.H. Wehrmeyer, (70), Kromdraai-Noord, Bothaville, 2000.01.02, (NF01, CD: R-1).

51 WPA, MO (1B), M. Kreisch, (73), Obergruna bei Freiberg, 2012.06.01, (NF32, CD: U-1,2,3).

52 WPA, MO (1B), R. Miersch, (79), Obergruna bei Freiberg, 2012.06.01, (NF33, CD: U-4).

53 WPA, MO (1B), M. Mehner, (82), Obergruna bei Freiberg, 2012.06.01, (NF35, CD: U-12).

54 WPA, MO (2B), M. Kreisch, (73), Obergruna bei Freiberg, 2012.06.01, (NF32, CD: U-1,2,3).

55 WPA, MO (1B), W.H. Wehrmeyer, (68), Kromdraai-Noord, Bothaville, 2001.06.06, (NF01, CD: W-21); WPA, H.W. Wehrmeyer, Die Wehrmeyer Geskiedenis, ŉ nuwe vaderland, p.11.

56 WPA, MO (4B), M.M. Wehrmeyer, (75), Visserskuil, Bothaville, 2015.01.21, (NF88, CD: Z-10).

57 WPA, MO (1B), W.H. Wehrmeyer, (68), Kromdraai-Noord, Bothaville, 2001.06.06, (NF01, CD: W-21); WPA, H.W. Wehrmeyer, Die Wehrmeyer Geskiedenis, ŉ nuwe vaderland, p.12.

NG-kerk het spesiale aande vir hulle gereël en Wolfgang is ook na die plaaslike volkspele laer uitgenooi.[58]

Wolfgang het vriende gemaak met ŉ boereseun wie se pa ŉ groot beesplaas in Botswana gehad het. Hy is daarheen uitgenooi en vertel dat dié boere vreeslik lief was vir die Duitsers. As hulle gehoor het jy was ŉ Duitser is jy op die hande gedra. Wolfgang het gesê: "Hulle was regte Hitler-boys!"[59]



**Figuur 6: Wolfgang by ŉ volkspele byeenkoms, Mafikeng, 1955[60]**

In Mafikeng het die jong Duitsers ook te doen gekry met die harde werklikheid van Apartheid. Daar was ŉ Indiër-winkeleienaar, met ŉ beeldskone dogter van so ongeveer 18 jaar oud. Een Duitser het in haar belanggestel en gaan kuier. Amptenare het hom besoek en gewaarsku om nie weer te gaan nie. Die Duitser het twee weke uitgehou en toe maar weer vir die mooi dogter van die Indiër gaan kuier. Die amptenare het daar opgedaag, hom verwyder en hy is onmiddellik na Duitsland gedeporteer. Die res van die Duitsers het groot geskrik.[61]

Wolfgang het gesukkel om aan te pas by van die Suid-Afrikaanse kosse van die 1950's. Dit het maar moeilik gegaan met al die mieliepap en stampmielies met elke

58 WPA, MO (1B), W.H. Wehrmeyer, (68), Kromdraai-Noord, Bothaville, 2001.06.06, (NF01, CD: W-21); WPA, H.W. Wehrmeyer, Die Wehrmeyer Geskiedenis, ŉ nuwe vaderland, p.13.

59 WPA, MO (1B), W.H. Wehrmeyer, (75), Visserskuil, Bothaville, 2008.05.08, (NF01, CD: W-23); WPA, Biografie Wolfgang Wehrmeyer, (1933-2008), werkboek, p. 72.

60 Foto: W.H. Wehrmeyer-fotoversameling.

61 WPA, MO (1B), W.H. Wehrmeyer, (68), Kromdraai-Noord, Bothaville, 2001.06.06, (NF01, CD: W-21); WPA, H.W. Wehrmeyer, Die Wehrmeyer Geskiedenis, ŉ nuwe vaderland, p.13.

maaltyd. ʼn Duitser eet mos aartappels. Eendag het Wolfgang by die "*hostel"* se kombuis verby geloop en gesien hoe die swart kok die groot pot stampmielies staan en roer. Dit was baie warm die dag en terwyl die heer geroer het, het die sweetdruppels van sy voorkop af in die pot met stampmielies geval. Dit was die laaste strooi en Wolfgang het in ʼn private losieshuis gaan bly.[62]




**Figuur 7: Die Suid-Afrikaanse Spoorweg Klas GMAM Garratt, stoomlokomotief met ʼn gespesialiseerde Duitse turbine vir waterbesparing in die Karoo**[63]

Die Suid-Afrikaanse Spoorweë het nuwe stoomlokomotiewe vanaf die buiteland ingevoer. Omdat water skaars was in die Karoo, is daar gepoog om van nuwe tegnologie gebruik te maak om waterverbruik op die stoomlokomotiewe te verminder. Die nuwe stoomlokomotief se onderstel is in Engeland gebou, maar die nuwe waterbesparende turbine is in Duitsland gebou. Die turbine se roterende vinne het lug oor die vuur gesuig en die klein materiedeeltjies het die vinne gevreet, wat veroorsaak het dat die turbine uit balans gegaan het en die enjin begin ruk het. ʼn Ingenieur is uit Duitsland gestuur om ondersoek in te stel en ʼn oplossing vir die probleem te vind. Wolfgang is vir ʼn aantal weke toegedeel aan die Duitse ingenieur om saam met hom op die lokomotief te ry en om as tolk op te tree.[64] So het Wolfgang ʼn brug tussen die twee nasionaliteite se omgangstaal help bou deur kennis van die een taal in ʼn ander oor te dra. Ook hierdie ervaring het hom ʼn transnasionale lewenservaring laat deurmaak.

---

62 WPA, MO (1B), W.H. Wehrmeyer, (68), Kromdraai-Noord, Bothaville, 2001.06.06, (NF01, CD: W-21); WPA, H.W. Wehrmeyer, Die Wehrmeyer Geskiedenis, ʼn nuwe vaderland, p.13.

63 Foto: W.H. Wehrmeyer-fotoversameling.

64 WPA, MO (1B), W.H. Wehrmeyer, (68), Kromdraai-Noord, Bothaville, 2001.06.06, (NF01, CD: W-21); WPA, H.W. Wehrmeyer, Die Wehrmeyer Geskiedenis, ʼn nuwe vaderland, p.16.

Wolfgang het kontak met van die Duitsers in die Paarl gehad. Hy het die Gerschgesin, Ernst, sy vrou Mili en hul hubare dogter, Gisela geken. Hy het met hulle kontak gemaak deur Mili Gersch se moeder, wat die kosterin was in die kerkgemeente in Berlyn, waar Wolfgang tot bekering gekom het. Mili se broer was ook in die gemeente. Ernst het ŉ meestersgraad in meganiese ingenieurswese gehad, vir die firma Rembrandt gewerk en was een van die leiers in die Broedergemeente in die Paarl.[65]

In 1956 was Wolfgang 23 jaar oud. Hy het werk gehad en geld en het vir hom ŉ tweedehandse Austin 45 gekoop. Dit was tyd om ŉ vrou te soek. Die Paarl het in daardie tyd ŉ redelike Duitse gemeenskap gehad. Daar was ŉ Duits-Lutherse gemeente[66] en ook die Broedergemeente wat sterk bande gehad het met die Broedergemeentes in Duitsland en van die dorp Plettenberg.[67]

Wolfgang se hart het na die Paarl gehunker. Die Paarl met sy groen wynlande was vir hom baie mooier as die droë, vaal Karoo. Hy en ŉ vriend het een naweek per fiets van Touwsrivier na die Paarl gery, Wolfgang met sy *Lederhose* aan. Die pad Paarl toe was maklik, maar die pad terug, styl. In die Karoo was daar nie water nie, net slegte brakwater by die windpompe. Op Touwsrivier aangekom het hy twee liters Coke op een slag opgedrink.[68]

Wolfgang het dit oorweeg om terug te gaan na Duitsland om ŉ vrou te gaan soek. Hy het nog altyd gewonder oor sy jeugvriendin, Ursula Hensel van Obergruna.[69] Die Suid-Afrikaanse Spoorweë wou hom egter nie toestemming gee om so ŉ reis te onderneem nie. Hy het bedank en homself uitgekoop.[70]

Die Broedergemeente in die Paarl het uit ŉ paar families bestaan. Die Haldenwangs, Trauts, Gersch, ŉ Uys oom en tannie en die oom se twee oujongnooi, susters wat onderwyseresse was en die Ries familie met hul twee seuns, Hermann en Eberhardt. Wolfgang sou beste vriende word met Eberhardt. Hermann Ries het getroud uit Duitsland gekom saam met sy vrou Elizabeth en hulle twee seuns, Wolfgang en Athur (In Duits uitgespreek "Aa-th-oër").

65 WPA, MO (1B), W.H. Wehrmeyer, (70), Kromdraai-Noord, Bothaville, 2000.01.02, (NF01, CD: R-1); WPA, Biografie Wolfgang Wehrmeyer, (1933-2008), werkboek, p. 72.

66 WPA, MO (2B), G.Kahler, gebore von Hennenberg, (87), Grasfontein, Pretoria, 2012.10.18, (NF26: CD: V-18).

67 WPA, MO (4B), M.M. Wehrmeyer, (75), Visserskuil, Bothaville, 2015.01.21, (NF88, CD: Z-10).

68 WPA, MO (1B), W.H. Wehrmeyer, (70), Kromdraai-Noord, Bothaville, 2000.01.02, (NF01, CD: R-1).

69 WPA, MO (1B), W.H. Wehrmeyer, (70), Kromdraai-Noord, Bothaville, 2000.01.02, (NF01, CD: R-1).

70 WPA, MO (1B), W.H. Wehrmeyer, (70), Kromdraai-Noord, Bothaville, 2000.01.02, (NF01, CD: R-1).



**Figuur 8: Waltraud (Duits), Gisela (Duits) en Bertie (Afrikaans) Sieberts, Marieta Goosen (Afrikaans) en Wolfgang Wehrmeyer (Duits), by die huis van die Siebrits-paartjie in Franschoek**[71]

Dan was daar Gerhard Giesler en Waltraud. Gerhard het van die Plettenberg gemeenskap in Duitsland gekom en het sendingwerk onder die kleurlinggemeenskap gedoen. Waltraud het op haar eie van Duitsland gekom, sy was ook van die Plettenbergers in Duitsland en is hier in Suid-Afrika met Gerhard getroud. Miemie en Mauritz Hill met hulle vyf kinders was Afrikaanssprekend. Later het Eberhardt, broer van Gerhard, en Christa Giesler met hul 5 kinders; Roland, Juliane, Peter, Regina en Cornelia (in Suid-Afrika gebore) na Suid-Afrika geïmmigreer. Eberhardt was ŉ meganiese ingenieur, maar hul hoofdoel was om sendingwerk te kom doen.[72]

Hermann Ries het vir Wolfgang werk by Wellington Machinery and Repairs Works (Pty) Ltd gevind waar Wolfgang as passer en draaier gewerk het. Een van die direkteure by die maatskappy, Kaden was ook ŉ Duitser.[73]

71 Foto: W.H. Wehrmeyer-fotoversameling.

72 WPA, MO (4B), M.M. Wehrmeyer, (75), Visserskuil, Bothaville, 2015.01.21, (NF88, CD: Z-10).

73 WPA, Lêer, Belangrike dokumente: Wolfgang Wehrmeyer, (1933-2008), Dokument: Wellington Machinery and repair works (Pty) Ltd, To Whom It May Concern, 1960.04.29, p. 31.



**Figuur 9: Piekniek op Du Toitskloofpas. Wolfgang, onbekende dame, Marie Smith, Marieta Goosen, Leon, Esmé. Almal Afrikaners behalwe Wolfgang**[74]

In die klein Broedergemeente het Wolfgang ŉ Duitse vriendekring gevind; Eberhardt Ries, Gerhard Giesler, Gisela Gersch, die dogter van Ernst en Mili Gersch en ook Waltraud. In 1957 is Wolfgang saam met Gisela en haar ouers op ŉ toer na Durban. Hy en Gisela het gedurig gebaklei en toe die Suid-Afrikaner Bertie Siebrits bygekom het, het Gisela met Bertie begin uitgegaan. Hulle is later getroud en het op Franschhoek gaan woon. Daar het die gemengde groepie Duitse en Afrikanervriende dikwels bymekaar gekom om te kuier.[75]

Alhoewel Wolfgang op Wellington gewerk het, ongeveer 14 km van die Paarl, het hy verkies om in die Paarl te gaan woon. Hy het by die losieshuis in die Kasteelstraat ingetrek, waar hy ŉ nuwe vriendekring sou ontdek. Hy het meer en meer met die Afrikaner-gemeenskap geïntegreer en geassimileer. Hier sou hy ook sy toekomstige vrou ontmoet.

ŉ Boeremeisie, Marieta Goosen het haar hoërskoolloopbaan voltooi in 1956 en as tikster by die plaaslike munisipaliteit begin werk. Sy het by haar tante, Lettie van Wyk, se losieshuis akkommodasie gevind.[76]

Terwyl Wolfgang in die losieshuis gewoon het, het hy vir hom ŉ splinternuwe Renault Dauphine gekoop. Wolfgang het Kaapstad toe gery met die Dauphine en met sy terugreis was hy betrokke in ŉ ongeluk en is die motor afgeskryf. Gelukkig was dit verseker en kon hy weer ŉ blougroen Renault Dauphine kry. Wolfgang was ŉ vrolike,

---

[74] Foto: W.H. Wehrmeyer-fotoversameling.

[75] WPA, MO (4B), M.M. Wehrmeyer, (75), Visserskuil, Bothaville, 2015.01.21, (NF88, CD: Z-10).

[76] WPA, MO (4B), M.M. Wehrmeyer, (75), Visserskuil, Bothaville, 2015.01.21, (NF88, CD: Z-10).

ekstroverte karakter, onthou Marieta. Wanneer hy gestort het, het hy kliphard sy Duitse volksliedere gesing, dié wat wou luister, kon luister. Hy het vrede met die wêreld gehad. Op die verjaardag van een van die losieshuisinwoners, Leon, het Wolfgang almal in die losieshuis uitgenooi vir ŉ piekniek. Hulle is met sy Renault Dauphine die Du Toitskloofpas op en daar het die Duitser saam met sy Afrikanervriende braaivleis gehou.[77]

Duitse immigrante moes kulturele brûe oorkruis wat soms tot kostelike insidente gelei het. Veral die verskillende kultuurgebruike het tot verwarring aanleiding gegee. Wolfgang het by geleentheid ŉ insident beskryf wat hom bygeval het. Terwyl die Duitsers en Afrikaners saam gekuier het, het ŉ Duitse meisie die koffie in die vertrek op ŉ skinkbord ingebring. ŉ Afrikaanse jongman het opgespring om die skinkbord uit hoflikheid te neem en die gaste te bedien. Die Duitse dame het met haar beperkte Afrikaans gesê: "Sit, vraat, jy sal nou kry!" In die Duitse kultuur bedien die vrou ook die koffie met die skinkbord aan die gaste.[78]

## Taal

Wolfgang moes ook Engels leer praat. Hy het nie omgegee of die Engels krom of skeef was nie. Soos menige rou Duitser kon hy nie "the" sê nie. Dit het "Zis" uitgekom, "with" was "wiss" (w soos in Wendy).[79] In ŉ onderhoud het Wolfgang vertel van sy werk by Wellington Machinery and Repair Works en gesê: "Die fabriek (Western Wools) was op ŉ *heufel* geleë en onder was die wassery."[80] Hier plaas Wolfgang ŉ Duitse woord, *heufel*, in die Afrikaanse sin. Op sy troue het Wolfgang sy toespraak in gebroke Afrikaans gelewer en die mense laat skaterlag.[81]

Wolfgang het eenmaal iets vertel van Marieta en hoe hy haar raakgesien het. By geleentheid het hy van haar gesê: "En sy het nou alles daar wat nodig is!"- ŉ sinsnede wat nie sin maak nie, tensy mens die Duitse lied, "Marie, Mara, Maruschka", wat populêr was voor 1945, ken:

> Ach ja, Marie Mara Maruschkaka
>
> Du bist das schönste Mädelschen
>
> Bei dir ist alles da![82]

---

77 WPA, MO (4B), M.M. Wehrmeyer, (75), Visserskuil, Bothaville, 2015.01.21, (NF88, CD: Z-10).

78 WPA, MO (4B), M.M. Wehrmeyer, (75), Visserskuil, Bothaville, 2015.01.21, (NF88, CD: Z-10).

79 WPA, MO (4B), H.W. Wehrmeyer, (54), Capital Park, Pretoria, 2015.02.02, (N95, slegs notas).

80 WPA, MO (1B), W.H. Wehrmeyer, (75), Visserskuil, Bothaville, 2008.05.08, (NF01, CD: W-23); WPA, Biografie Wolfgang Wehrmeyer, 1933-2008, werkboek, p. 75.

81 WPA, MO (4B), M.M. Wehrmeyer, (74), Visserskuil, Bothaville, 2013.04.07, (NF88, CD: R-4).

82 WPA, CD: *Soldaten Liebe, Soldaten Mut*, (Uitgegee deur Naza, Pretoria, 2003), Lied no:10.

Die lied gaan oor 'n meisie op wie 'n jongman verlief is. Hy beskryf haar eienskappe, haar skoonheid, haar deugde en vroulikheid. Die koorgedeelte herhaal die sinsnede: "Bei dir ist alles da!" Vertaal: sy het alles wat die jongman begeer in 'n vrou.[83]

## Godsdiens

Wat Wolfgang se kerkverband betref het hy oor die jare gereeld verander. As kind en jongeling is hy gedoop en aangeneem in die Lutherse Kerk. Op ongeveer 15-jarige ouderdom het hy aangesluit by die Broedergemeente. Rondom 1965 in Suid-Afrika, het hy en sy familie by die Afrikaanse Baptiste kerk aangesluit en na 1992 in Bothaville by die Apostoliese Geloofsending (AGS), waarvan hy lidmaat was tot en met sy dood in 2008.

In vergelyking met die Lutherse kerk, het die Broedergemeentes nie 'n goed ontwikkelde hiërargie gehad nie, weens hulle interpretasie van die Nuwe Testamentiese kerkleierskap. Die kerkleierskap was in die hande van die broeders, die meer senior manlike persone. In hulle private lewens het hulle hul beroep uitgeoefen. Sondae het hulle bymekaar gekom, die broers voor in die kerk, rondom die nagmaaltafel. Nagmaal is elke Sondag gevier. Een van die broers, wat so gelei gevoel het, sou opstaan, die woord lees en 'n kort preek gee. Bybelstudies is in die week gehou. 'n Plig het op elke gemeentelid gerus om deeglik persoonlike Bybelstudie te beoefen en daarvolgens prakties te leef. Alhoewel 'n groter gedeelte van die gemeente Duitssprekend was, was die voertaal in die gemeente Afrikaans.[84]

Toe Eberhardt Giesler met die vier kinders (die vyfde een, Cornelia is in Suid-Afrika gebore) van Duitsland af in die Broedergemeente aangekom het, was daar geen Sondagskool nie. Die Gieslers het by die Afrikaanse Baptiste Kerk in Parow, naby Kaapstad, aangesluit, waar hulle 'n Sondagskool vir hul kinders gevind het. Die Wehrmeyers het gevolg.[85]

Wolfgang het as Christen ook sy omgewing beïnvloed en tydens sy verblyf in Kroonstad (1973-1987) was hy deel van die Christen-sakemanne van die dorp. Dié sakemanne het mekaar ondersteun en ook gehelp met Bybelverspreiding. Hier het Wolfgang vriende geword met dr Malherbe wat ook die Wehrmeyers se huisdokter was. Dr Malherbe was voorheen 'n sendingdokter onder die Zulu's in Natal. Eenmaal moes Wolfgang aansoek doen vir 'n pos en het 'n getuigskrif van dr. Malherbe

83 WPA, MO (1B), W.H. Wehrmeyer, (75), Visserskuil, Bothaville, 2008.05.08, (NF01, CD: W-23); WPA, Biografie Wolfgang Wehrmeyer, (1933-2008), werkboek, p. 76.

84 WPA, MO (4B), M.M. Wehrmeyer, (75), Visserskuil, Bothaville, 2015.01.21, (NF88, CD: Z-10).

85 WPA, MO (4B), M.M. Wehrmeyer, (75), Visserskuil, Bothaville, 2015.01.21, (NF88, CD: Z-10).

verkry.[86] In die Afrikaanse Baptiste gemeente op die dorp het hy gedien as diaken en Sondagskoolonderwyser.[87]

## Politiek

Deel van die woord transnasionalisme, is die agtervoegsel "isme" wat aandui dat ook by die immigrant ŉ politieke ingestelheid was, in welke mate ook al. Wolfgang het homself nooit uitgespreek oor die politiek van Duitsland nie en ook nooit daarin belanggestel nie. Ook in Suid-Afrika het Wolfgang nie aan die politiek van die dag deelgeneem nie. Hy was net ŉ toeskouer en het nie as sodanig ŉ mening uitgespreek nie. Hy het met die status quo geleef en sy eie lewe gelei. In die 1980's het hy gesê dat hy vir die opposisie stem omdat hy geglo het dat een party nie absolute mag moes hê nie. Moontlik het sy siening te doen gehad met Hitler se magsvergryp nadat hy oor die 95,2% stemme op homself verenig het.[88]

Dit was opmerklik dat Wolfgang ŉ mensliewende benadering gehad het teenoor die ander bevolkingsgroepe in Suid-Afrika. Hy het ŉ Christelike waardestelsel uitgeleef. Hy het gepoog om die Afrika-kulture te verstaan omdat hy daagliks met hulle in die werkplek, in die fabriek of op die plaas gewerk het, meesal vanuit ŉ senior posisie. Hy moes leiding gee om maksimum produksie te verkry, wat ŉ uitdaging was.

Wolfgang het ŉ absolute lojaliteit teenoor Suid-Afrika ontwikkel. In die 1970's het hy deelgeneem aan militêre kommando-opleiding op die plaas Doornkloof naby Lindley in die Vrystaat. In 1981, tydens die Bosoorlog, het hy aanvaar dat dit die plig was van elke blanke Suid-Afrikaner om nasionale diensplig te doen. Toe sy oudste seun na Duitsland toe wou gaan, het hy vir hom gesê: "Gaan veg vir jou volk en vaderland!"[89]

In die proses van assimilasie is daar ook die proses van akkommodering. Wolfgang was van die tweede generasie Duitsers wat die Tweede Wêreldoorlog as kind beleef het. Hy was 12 toe die oorlog verby was in 1945 en mens wonder hoeveel hy beïnvloed is deur die Nasionaal-Sosialistiese gees van sy tyd. Ná die oorlog was die fokus om te oorleef, eerder as om aandag te gee aan politiek en ideologieë. Duitse immigrante verwys na Apartheid as *getrennte Entwicklung*.[90] Vir die Duitse immigrant het die klem geval op ontwikkeling, wat net elders in Suid-Afrika met die ander volke gebeur het. Die Duitse immigrante het hulself beskou as gaste op

---

86 WPA, Lêer: Belangrike dokumente: Wolfgang Wehrmeyer, (1933-2008), Dokument: Heil die Leser, Kroonstad,1976.08.21, p. 30.

87 WPA, MO (4B), M.M. Wehrmeyer, (75), Visserskuil, Bothaville, 2015.01.21, (NF88, CD: Z-10).

88 G. Franz-Willing, *Die Reichskanzlei 1933 – 1945, Rolle und Bedeutung unter der Regierung Hitler,* (Grabert Verlag, Tübingen, 1984), p. 83.

89 WPA, MO (4B), H.W. Wehrmeyer, (54), Capital Park, Pretoria, 2012.02.02, (NF 95, slegs notas).

90 WPA, MO (3B) H.U. Bantz, (76), Roodepoort, 2014.08.10, (NF64, CD: Z-7).

uitnodiging van die regering van die dag en hulle het hulself hoofsaaklik uit die politiek gehou.[91]

Tydens Wilfried-Helmut, Wolfgang se broer uit Duitsland, se eerste besoek na Suid-Afrika in 1975, is lang warm gesprekke, of liewer debatte, gevoer tussen die twee. Wilfried-Helmut was baie ongelukkig oor hoe die Europeërs die Afrikane in Suid-Afrika behandel het. Só groot was die meningsverskil dat besluit is om liewers nie daaroor te praat nie. Op ŉ latere reis deur Wilfried-Helmut en sy vrou Gisela, wou hulle naby Port Elizabeth by die Maitlandrivier kampterrein oornag. Dit was ná 1994 en transformasie het begin plaasvind in Suid-Afrika. Toe Gisela die standaard van die geriewe gesien het, het sy geweier om daarvan gebruik te maak en moes Wolfgang elders vir hulle akkommodasie vind. Só het Wilfried-Helmut en sy vrou geleidelike begrip gekry vir die komplekse situasie in Suid-Afrika.[92]

Later, in 2012 te Plochingen in Duitsland, vertel Wilfried uit sy eie:

> Dis ongeveer net soos in Suid-Afrika soos wat jou pappa (Wolfgang) vertel het toe hy die tyd by die kleppe fabriek gewerk het. As ŉ gewone werker vooruit en te veel geld betaal is, sal hy verseker nie opdaag vir werk nie totdat hy weer geld benodig. Die mentaliteit van sommige werkers in Suid-Afrika is dieselfde as in die Duitse Demokrasies Republiek (DDR). Ons het nog die nagevolge in die DDR en dit sal nog ŉ generasie duur voordat ŉ verandering kom, die kinders sal leer om te werk. Hulle sien en leer maar die ouer mense kan mens nie meer verander nie. Dis ŉ generasie probleem.
>
> Im Prinzip, die Erfahrung die ich gemacht habe, wenn ich unten war, in Südafrika, habe ich immer gesagt, unterscheidet ein Osie sich nicht von einem Schwarzen in SA, ganz klar![93]
>
> In beginsel, is dit my ervaring toe ek onder was, in Suid-Afrika, soos ek altyd gesê het, dat daar nie ŉ verskil is tussen ŉ Osie (Oos-Duitser) en ŉ Swarte in Suid-Afrika, dis tog duidelik!

Op Wellington het Wolfgang se firma die kontrak gekry om die hoofstraat se lamppale te maak. Wolfgang dit het gedoen. Hy het vertel dat hy ŉ groot droeër moes bou, wat gebruik is in die proses om handdoeke te maak.[94] Die firma, Western Wools was ŉ Duitse firma, wat gevestig en bestuur is deur die tekstiel-ingenieur Ernst Kahler. ŉ Duitse entrepreneur het besluit om in Suid-Afrika te belê deur die tekstielfabriek op Wellington te begin en Kahler aan te stel.[95] Hierdie poging het

[91] WPA, MO (2B), H.S. Kittel, (85), Krugersdorp, 2012.11.17, (NF28, CD: V-21).

[92] WPA, MO (4B), M.M. Wehrmeyer, (75), Visserskuil, Bothaville, 2015.01.21, (NF88, CD: Z-10).

[93] WPA, MO (4B), W.H. Wehrmeyer, (76), Plochingen, Stuttgart, 2012.05.20, (NF82, CD: U-9).

[94] WPA, MO (1B), W.H. Wehrmeyer, (75), Visserskuil, Bothaville, 2008.05.08, (NF01, CD: W-23); WPA, Biografie Wolfgang Wehrmeyer, (1933-2008), werkboek, p. 72.

[95] WPA, MO (2B), G. Kahler, gebore von Hennenberg, (87), Grasfontein, Pretoria, 2012.10.18, (NF26: CD: V-18).

bygedra tot oordraging van Duitse tegnologie na Suid-Afrika. Duitse investering het bygedra tot die ontwikkeling van Suid-Afrika en het werkskepping meegebring. Wolfgang was sy lewe lank ŉ ywerige fotograaf wat sy lewe, familie, vriende en omgewing op foto's vasgevang het en dit is ook die rede waarom sy lewensgeskiedenis ondersoek kan word.

Transnasionalisme verwys na die veelvoudige verbindinge en interaksies wat mense en institute met mekaar verbind.[96] Nadat Wolfgang sy verhoudinge met sy eie Duitse diaspora immigrante in Suid-Afrika ontwikkel het, het hy ook sy verhoudinge met die plaaslike Afrikaners ontwikkel. Hy het selfs sover gegaan as om met een van hulle te trou. Duitsers met Duitse vroue het hoofsaaklik hul eie Duitse identiteit behou, veral wanneer hulle in Duitse enklawes, waar Duitse skole en gemeentes beskikbaar was, gewoon het. Dit was plekke soos Kaapstad, Johannesburg, Pretoria, Kroondal by Rustenburg, die Greytown-gebied in KwaZulu-Natal en in die ou Oos-Transvaal in die Piet Retief-area. Nadat Wolfgang na Ernst Gersch se dogter Gisela gevry het en ook Waltraud, en dit nie gewerk het nie, het hy hom na die Afrikaanse meisie in ŉ losieshuis gewend. Marieta het ŉ vriend gehad, maar Wolfgang het hom min daaraan gestuur. Marieta het niks van die rowwe Duitser, sy gebroke Afrikaans en sy voor-op-die-wa maniere gehou nie. Wolfgang het volgehou en met sjokolade en piesangs en eers die skoonma en familie se harte gesteel en toe die Boere-nooientjie se hart gewen. Wolfgang het na Marieta gevry en sy beste vriend Eberhardt Ries na Tertia Krynauw, die niggie van Marieta, wat ŉ leerlingverpleegster was.[97]



**Figuur 10: Wolfgang en Marieta (hier 18 jaar oud), Eberhardt Ries en Tertia Krynauw**[98]

96 S. Vertovec, *Transnationalism*, (Routledge, Taylor & Francis Group, London, 2009), p. 9.

97 WPA, MO (4B), M.M. Wehrmeyer, (75), Visserskuil, Bothaville, 2015.01.21, (NF88, CD: Z-10).

98 Foto: W.H. Wehrmeyer-fotoversameling.

Wolfgang se troue op 16 Januarie 1960 in die Paarl-Vallei NG Kerk was ŉ transnasionale troue. Die Duitsers Ernst en Mili Gersch, was Wolfgang se peetouers op die troue. Mili Gersch het ŉ meesters graad in naaldwerk gehad en het Marieta se trourok as ŉ trougeskenk vir haar gemaak.[99]



**Figuur 11: Troue van Wolfgang en Marieta op 1960.01.16, v.l.n.r., Japie en Hetta Goosen, Japie (Jnr.) Goosen, Marieta en Wolfgang, Marie Smith, Milli en Ernst Gersch, peetouers van Wolfgang. Voor, Mariëtta Smit, Anita van der Spuy, Elda de Vries**

Na hulle troue het Wolfgang werk gekry by die Westelike Koöperasie op Malmesbury. Sy werk het behels om trekkers en plaasgereedskap reg te maak. Op die dorp was daar die "Roer Slagtery". Hier het Wolfgang dikwels die slagtery se masjiene gaan regmaak. Dan het hy ook eers by ou *Mister* Roer gekuier en lekker Duits gesels. Roer was ŉ Duitse Jood wat net voor die Tweede Wêreldoorlog uit Duitsland na Suid-Afrika geïmmigreer het. Nadat Wolfgang sy vergoeding ontvang het, het hy ook nog altyd ŉ groot polonie gekry om huis toe te vat vir die familie. Marieta onthou dat *Mister* Roer die lekkerste Duitse bloedwors kon maak.[100]

Wolfgang en Wilfried-Helmut was nie net broers nie maar ook beste vriende. Hulle het deur al die jare ŉ hegte vriendskap gehad, wat al op skool begin het. Eers het

99 WPA, MO (4B), M.M. Wehrmeyer, (75), Visserskuil, Bothaville, 2015.01.21, (NF88, CD: Z-10).
100 WPA, MO (4B), M.M. Wehrmeyer, (75), Visserskuil, Bothaville, 2015.01.21, (NF88, CD: Z-10).

hulle per pos gekorrespondeer en later duur oorsese telefoonoproepe gemaak. Wolfgang het gereeld foto's aan Wilfried-Helmut gestuur en so het hy ook verjaardagkaartjies van sy broer af ontvang.[101] Wolfgang het ook met sy vader gekorrespondeer, waarvan 'n brief van 1957 bewaar gebly het. Dit is 'n hartseer brief van sy vader waarin hy vertel het dat sy vrou, Elli, hom vir goed verlaat het, en dat die huis nou stil en eensaam geword het. Daarin het hy die hoop uitgespreek dat sy seun Wilfried-Helmut en sy vrou Christel een of ander tyd by hom in Maulbeerallee 20, Staaken, Berlyn sou kom in trek.[102] Hermann Wehrmeyer het 'n goeie verhouding met sy familie in Schale, Nordrhein-Westfalen gehad en het dikwels daar gekuier en gehelp op die plaas en ook met die bouery aan familie se huise.[103]

Nadat Wolfgang ongeveer drie jaar op Malmesbury was, het hy 'n goeie werksaanbod as weefpasser[104] gekry, met die hulp van 'n goeie vriend, wat as weefmeester by die firma Bergrivier Textiles in die Paarl gewerk het. Op soek na 'n blyplek, het hy die 7½ hektaar plasie, Bon Esperance in die Agter-Paarl op 'n veiling gekoop vir £2400 en daar deeltyds begin boer, terwyl hy skofte by Bergrivier Textiles gewerk het. Twee en half jaar later was daar 'n tekstiel "depressie" en was Wolfgang deel van die personeel vermindering. Die groente en wingerd op die klein plasie was nie genoegsaam om sy familie te onderhou nie en hy moes 'n plan maak. Op 'n swart bord het hy in wit letters geverf, *Plaaswerkswinkel* en begin om die boere in die omgewing se trekkers en implemente reg te maak.[105]

In 'n stadium het albei sy waterpompe gebreek en nie plant, dier of mens het water gehad nie. Toe Oupa Japie kom kuier het, was Wolfgang moedeloos, want sy geld was op. Later die middag het Oupa Japie gebel en sê dat Wolfgang maar op sy rekening by die koöperasie die pompe kon gaan laat regmaak, en dit dan later terugbetaal. Net ná dié oproep het Volkskasbank Wolfgang gebel. Daar was £1000 vir hom en hulle wou weet wat om daarmee te doen. Wolfgang was verstom. Toe sy vader oorlede is op 6 September 1963[106] het hy skriftelik van sy erfdeel afgesien omdat hy gevoel het dat hy nie daar was vir sy vader in sy laaste jare nie. Die verantwoordelikheid om hom te versorg het op sy jonger broer se skouers geval. Nadat die boedel afgehandel is, het Wilfried hom tog £1000 gestuur. Vir Wolfgang was die geld manna uit die hemel. Hy kon die pompe laat regmaak, sy ou Austin bakkie inruil vir 'n nuwer model Chevrolet bakkie en 'n splinternuwe yskas vir sy vrou gekoop. Die oue se termostaat was stukkend en het die eiers gevries. Daarna was

101 WPA, Biografie Wolfgang Wehrmeyer, (1933-2008), werksboek, p. 41.

102 WPA, Biografie Wolfgang Wehrmeyer, (1933-2008), werksboek, pp. 32-37.

103 WPA, Lêer, Belangrike dokumente: Hermann Wehrmeyer, (1903-1963), Dokument: Brief aan Wolfgang, Berlyn, 1957.08.27, p. 9.

104 Engels: loom-fitter.

105 WPA, MO (1B), W.H. Wehrmeyer, (75), Visserskuil, Bothaville, 2008.05.08, (NF01, CD: W-24); WPA, Biografie Wolfgang Wehrmeyer, (1933-2008), werkboek, p. 117.

106 WPA, H.W. Wehrmeyer, Die Wehrmeyers Deel II, p. 58.

nog geld oor in die bank. Hierdie is ŉ voorbeeld van finansiële fondsoordraging van een land na ŉ ander land.[107]

ŉ Jonger suster van Hermann Wehrmeyer, die vader van Wolfgang, Tante Emma, het in Berlyn aan die Skandmuur gewoon en was baie lief vir Wolfgang.[108] Sy het Wolfgang se adres in Suid-Afrika vir Tante Marie in die VSA gestuur. Op 1 Maart 1968 het tante Marie Engelmann, gebore Wehrmeyer uit Kalifornië, VSA aan Wolfgang geskryf. Sy het hom bedank vir sy brief en ook die pragtige foto's, hom gelukgewens met sy 35ste verjaarsdag en aan hom ook ŉ paar dollar in ŉ koevert gestuur. Sy het vertel dat sy 75 jaar oud was en aan hom ook inligting van haar familie, haar woning en omgewing gegee, onder andere, dat sy in 1909 na Amerika geïmmigreer het,[109] van haar broer Wilhelm wat in 1926 na Amerika toe gekom het en in 1939 in Portland, Oregon oorlede is. Sy wou weet watter taal in Suid-Afrika gepraat word.[110]

## Burgerskap

Soos reeds gesê, is Wolfgang se vader in 1963 oorlede. Met sy moeder het hy en die familie geen kontak meer gehad nie na die egskeiding van sy ouers. Sy moeder het net verdwyn en tot sy dood het Wolfgang nie geweet wat met haar gebeur het nie. Ouma Ida Hoyer is op 2 November 1951 aan ŉ hartaanval oorlede[111] in Obergruna en Oupa Georg Hoyer is op 6 Mei 1953 aan breinverkalking oorlede in die hospitaal van Hochweitzschen.[112] Sy familie aan vaderskant, in Schale, was vir hom minder bekend. Hy sou hulle eers werklik leer ken toe hy in Wanne-Eickel naby Keulen op die steenkoolmyne gewerk het van 1952 tot 1954.[113] Met minder kontakte in Duitsland, het Wolfgang Suid-Afrikaanse burgerskap aanvaar op 9 Desember 1966.[114]

Wolfgang se oudste seun, uit die derde generasie, het dubbele burgerskap: Suid-Afrikaanse burgerskap deur geboorte en Duitse burgerskap op grond van Duitse reg-

107 WPA, MO (1B), W.H. Wehrmeyer, (75), Visserskuil, Bothaville, 2008.05.08, (NF01, CD: W-24); WPA, Biografie Wolfgang Wehrmeyer, (1933-2008), werkboek, p. 117.

108 WPA, MO (4B), M.M. Wehrmeyer, (75), Visserskuil, Bothaville, 2015.01.21, (NF88, CD: Z-10).

109 C. Tepe, *Schale ein Dorf, stellt sich vor*, (Ibbenbürener Vereinsdruckerei GmbH, Ibbenbürener, 1991), p, 273.

110 WPA, Biografie Wolfgang Wehrmeyer, (1933-2008), werkboek, pp. 32-37.


111 WPA, Biografiese inligting van Georg Felix en Ida Anna Hoyer, werkboek, Dokument: Sterfte sertifikaat Nr. 7, Obergruna, 1951.11.03, p. 22.

112 WPA, Biografiese inligting van Georg Felix en Ida Anna Hoyer, werkboek, Dokument: Sterfte sertifikaat Nr.50, Westewitz, 1953.05.07, p. 20.

113 WPA, Lêer, Belangrike dokumente: Wolfgang Wehrmeyer, (1933-2008), Dokument: Personalausweis, Wanne-Eickel, 1952.09.26, p. 9.

114 WPA, Lêer, Belangrike dokumente: Wolfgang Wehrmeyer, 1933-2008, Dokument: Sertifikaat van naturalisasie as ŉ Suid-Afrikaanse burger, Pretoria, 1966.12.09, p. 39.

afstammeling van sy Duitse vader. Hy het Duitse burgerskap in 1988 ontvang[115] en sy twee seuns, Wolfgang Dieter en Vincent Hermann hul Duitse burgerskap in 1995.[116]



C.P.-S.4954959—1963-64—5,500.

D.I.N. 12.

LÊER NO. 75409/66

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*No. R* 23679

SERTIFIKAAT VAN NATURALISASIE AS 'N SUID-AFRIKAANSE BURGER.

NADEMAAL aan die vereistes gestel in die Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap, 1949, vir die toekenning van 'n sertifikaat van naturalisasie as 'n Suid-Afrikaanse burger, voldoen is deur

WOLFGANG HERMANN WEHRMEYER

SO IS DIT dat die Minister ingevolge die bevoegdheid hom by genoemde Wet verleen, hierdie sertifikaat toeken en verklaar dat hy/~~sy~~ voortaan 'n Suid-Afrikaanse burger deur naturalisasie is.

OP LAS VAN DIE MINISTER.

PRETORIA.
9 Desember 1966.

*Sekretaris van Binnelandse Sake.*

BESONDERHEDE AANGAANDE HOUER.

| | |
|---|---|
| Naam (voluit): | WOLFGANG HERMANN WEHRMEYER |
| Geboortedatum: | 11 Maart 1933 |
| Geboorteplek: | Potsdam, Duitsland |
| Persoonsnommer: | 901/550225 W |
| Adres: | Bonne Esparance, Pk. Windmeul, Paarl |
| Beroep: | Passer en Draaier |
| Nasionaliteit voor Naturalisasie: | Burger van Duitsland |

**Figuur 12: Wolfgang Wehrmeyer se sertifikaat van naturalisasie[117]**

115 WPA, Lêer: Belangrike dokumente: Hermann Wilfried Wehrmeyer, (1961), Dokument: Bundesrepublik Deutschland, Staatsangehörigkeitsausweis, Köln, 2014.10.14, p. 7.

116 WPA, Lêer, Belangrike dokumente: Hermann Wilfried Wehrmeyer, (1961), Dokument: Bundesrepublik Deutschland Reisepass, Vincent Hermann Wehrmeyer, Botschaft Pretoria, 2008.11.27, p. 29.

117 WPA, Lêer, Belangrike dokumente: Wolfgang Hermann Wehrmeyer, (1933-2008), p. 39.

## Kulturele eienskappe

### Kuns

Wolfgang het van skilderye met natuurtonele gehou. Hy het nie daarvan gehou om stories te lees of na verhale op die televisie te kyk nie. Hy het graag nuus gekyk, asook aktuele programme, soos oor die natuur en geskiedenis.[118] Hy het ook baie daarvan gehou om die koerant te lees, in sy laaste lewensjare veral die *Beeld*.[119]

### Eetgewoontes

Wolfgang was baie lief vir kos maak, ŉ liefde wat aan hom oorgedra is deur sy Ouma Ida wat ŉ kok was en Oupa Georg wat ŉ bakker was, albei met meestersgrade. Wolfgang het Hermann-Wilfried se eerste verjaarsdagkoek self gebak. Hy het dikwels koek gebak en sonder die gebruik van ŉ resepteboek. Hy was baie lief vir *Goulasch*, baie fyn gebraaide uie met blokkies vleis. Hy het ook daarvan gehou om rou, vars maalvleis op brood te eet. Die rou vars maalvleis moes van ŉ hoë gehalte wees, ŉ rou eier is ingemeng met vars opgekapte uie en sout en peper. Hy was ook ŉ meester in die maak van "bron" soos die Afrikaners dit noem. Hy het dit "sult" genoem. Dit word gemaak met beesvleis, varkvleis en vark pote. Groenbone is heel opgekook met uieringe in ŉ meelsous. Sy oudste seun het die groenbonegereg gehaat en moes ure lank aan tafel bly sit tot hy dit *geëet* het. Die uie het soos opgekookte erdwurms geproe. Soms het die bone in trane geswem. Vir die eerste jare van haar huwelik was dit vir Marieta moeilik wanneer dit by kos gekom het. Wolfgang het histeries geraak as kos vermors of oud en oneetbaar geraak het. Na die oorlog in Duitsland moes hy behandeling ontvang vir onder- en wanvoeding.[120]

### Musiek

Wolfgang het van Afrikaanse musiek en veral Boeremusiek gehou. Die liefste was hy vir Duitse volksmusiek. Vanaf die eerste besoek van sy broer in 1975 het sy broer vir hom kassette, CD's en video's van volksmusiek gebring. Hy kon ure daarna luister en daar was altyd so ŉ CD in sy bakkie wanneer hy gery het. Hy het ook graag na Ivan Rebrof en Afrikaanse Christelike musiek geluister. Met sy besoek aan Duitsland

---

118 WPA, MO (4B), M.M. Wehrmeyer, (75), Visserskuil, Bothaville, 2014.05.05, (NF85, slegs notas).

119 WPA, MO (4B), H.W. Wehrmeyer, (54), Capital Park, Pretoria, 2015.02.02, (NF95, slegs notas).

120 WPA, MO (4B), H.W. Wehrmeyer, (54), Capital Park, Pretoria, 2015.02.02, (NF95, slegs nota).

in 1984 het hy vir homself vier *Harmonikas* gekoop of, soos ons sê, mondfluitjies. Hy het graag daarop ŉ deuntjie geblaas.[121]

## Slotsom

Hierdie hoofstuk het gewys hoe Wolfgang transnasionalisme ervaar het. Wolfgang, as immigrant, het transnasionale sosiale ruimtes geskep. Hy het verhoudinge aangeknoop en behou met ander Duitse immigrante in die Duitse diaspora in sy onmiddellike omgewing en ook met die Afrikanersegment van die Suid-Afrikaanse bevolking. Hy het een van hulle gekies om sy lewensmaat te word en daardeur verafrikaans. Hy het homself egter nie net tot die Afrikaners beperk nie, maar ook na die Engelssprekende deel van die bevolking geneig. Hy kon goed Engels verstaan en praat. Hy het ook uitgereik na die ander bevolkingsgroepe van Suid-Afrika en vriende onder hulle gemaak. Hy is dikwels gevra om te tolk tussen Duitssprekendes en Afrikaners of Engelse en het só ŉ transnasionale brug geword. Deur sy persoonlike eienskappe en vaardighede het hy waardes en kennis oorgedra. Deur sy bande met Duitsland, het hy ŉ kontakpunt en ŉ bron van kennis geword, sodat ander Duitsers beleggings in Suid-Afrika gemaak het en die land help ontwikkel het.



**Artefak 1: Wolfgang se leer briewetas van 1954[122]**

Wolfgang het op 21-jarige ouderdom in Suid-Afrika aangekom as immigrant met ŉ Duitse identiteit. In die een hand het hy ŉ egte leer briewetas gehad met foto's van sy familie, sy kinderjare en dokumente, soos sy paspoort en kontrak met die Suid-Afrikaanse Spoorweë. In die ander hand was ŉ tas vir sy klere, met onder andere twee pare *Lederhose,* en om sy nek hang sy kamera. Verder het hy beskik oor die tegniese vaardighede van ŉ passer en draaier en die Duitse eienskappe van


121 WPA, MO (4B), H.W. Wehrmeyer, (54), Capital Park, Pretoria, 2015.02.02, (NF95, slegs nota).

122 WPA, Verhandelingfoto's: H.W. Wehrmeyer, Capital Park, Pretoria, 2015.01.01.

stiptelikheid, akkuraatheid en hardwerkendheid. Op 75 het hy as ŉ gelukkige en dankbare persoon wat ŉ vol lewe gelei het gesterf, ŉ persoon wat ŉ transnasionaliteit ontwikkel het, gemaklik in die Duitse kultuur, maar meer nog so in die Afrikanerkultuur was. Hy het gehou van kuier, die Vrystaatse vlaktes, die natuur en sonskyn van Afrika. Hy het sy vrou goed versorg nagelaat en vir Suid-Afrika het hy as erfdeel vier seuns, ŉ rekenmeester, ŉ myn-*rigger* (takelaar), ŉ boer en ŉ entrepreneur-fotograaf gelaat.

**Figuur 13: Wolfgang Hermann Wehrmeyer (1933.03.11,**

**Potsdam, Duitsland, - 2008.07.08, Bothaville Suid-Afrika)**[123]





**Figuur 13: Voor, v.l.n.r. Hermann-Wilfried - rekenmeester, Marieta - moeder, Peter - takelaar, agter, Marius - boer, Johann - fotograaf** [124]

[123] WPA, J. Wehrmeyer-fotoversameling, (26), Visserskuil, Bothaville.

[124] WPA, H.W. Wehrmeyer fotoversameling, Visserskuil, Bothaville, 2014.12.01.